## GEBOORTEAANKONDIGING

*Baie dankie vir julle gebede!*

Edward en Josephine Zimmerman is geseën deur die geboorte van 'n gesonde en pragtige babadogtertjie. Jodie Ema is op 26 Maart 2024 gebore.

Dit was met groot vreugde dat ons die nuutste en jongste lid in ons sendingfamilie verwelkom het! Wat 'n kosbare geskenk van die Here! 'Kinders is 'n gawe van die Here; die vrug van die moederskoot is 'n beloning' (Psalm 127:3 Nuwe Lewende Vertaling).

Die Here het sy hand van bewaring oor hulle gehou, want Jodie is gebore om 11:45 op 'n stormagtige môre, terwyl daar 'n koue wind gewaai het, reën neergestort het en donderweer in die verte gehoor kon word. Die weer op hierdie dag het geblyk simbolies te wees van die swaarkry van kindergeboorte; aangesien hierdie storms dikwels die geboortepyne is wat die lente begin inlei, sowel as die komende bessiebloeiselseisoen. Om God se werk te sien deur die wonderbaarlike skepping sal nooit ophou om my in verwondering te laat nie!

**Bid** asseblief vir steeds groeiende sterkte en gesondheid vir Jodie, en dat God se Naam geëer sal word deur haar lewe. **Bid** dat sy sal opgroei in die weë van die Here Jesus.



*Jodie Ema*

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie.

'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van **STANDARD BANK** of **ABSA BANK** of 'n debietorder kan gebruik word.

Slakke pos kom onafgelewer terug. Sal u assblief so gaaf wees om 'n e-pos te stuur indien u enige navrae of van adres verander het.

Nogmaals **BAIE DANKIE**, liewe vriende. Mag die Here u seën.

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

**JULIE/AUGUSTUS 2024**

***"Roep My aan en Ek sal jou antwoord"*** *(Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

***Geroep om te dien***

## TEKENKUNSTENAAR VIR JESUS



*Callum Kyllonen*

Callum Kyllonen is in 1991 gebore in Vancouver, Kanada. "Ek het grootgeword in 'n nie-Christelike huis, maar het gehoor dat my ouma 'n gelowige was," het hy gedeel. "Terwyl ek grootgeword het, was die enigste leringe wat ek ontvang het: 'Gehoorsaam die Tien Gebooie en bid elke aand tot Jesus.'

"Aangesien ek nie die Bybel gelees het nie, het ek nie die Jesusdeel verstaan nie. 'Wie is Jesus presies en hoekom moet ek tot Hom bid?' Aangesien ek ook baie van die Tien Gebooie oortree het, het ek 'n groot skuldlas rondgedra gedurende my hoërskooljare.

"'n Vriend het my eendag na 'n jeuggroep uitgenooi, wat ek merendeel bygewoon het ter wille van die speletjies. Dit was daar waar ek gehoor het van Jesus en die Bybel. Ek het egter nie lank die jeuggroep bygewoon nie en weer voortgegaan op my ou weë tot aan die einde van my hoërskooljare.

"Ek is toe gekonfronteer met belangrike besluite ten opsigte van my lewe vorentoe. Die kulminasie van stres en die afwesigheid van enige betekenis in my lewe het my laat uitroep tot God, 'God, ek het u hulp nodig; ek weet nie wat om te doen nie!'

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO, IKOMA CITY,**
**NARA KEN, 603-0266, JAPAN**

**Tel: 0081-743731754** | **Tel: (012) 337-1533**
**Faks: 0081-743731681** | **Sel: 078 306 9839**
**www.japanmission.org** | **sa@japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**"Ons ondervind pos word nie afgelewer nie.**
**Stuur asb 'n e-pos na japansendingrsa@gmail.com**
**indien ons die nuusbrief elektronies kan stuur."**

"Kort daarna het ek 'n kollege in 'n naburige dorp begin bywoon. Op die bus het ek weer iemand van die jeuggroep ontmoet wat die evangelie met my gedeel het.

"**Al die stukkies het in plek begin val toe God *die volgende vers gebruik het om my te oortuig van my sonde. 'Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word'*** (Gal. 3:24). Die skuldlas wat ek saam met my rondgedra het, het my gewys dat ek die Here nodig gehad het.

"Ek het my sonde bely en die Here as my Verlosser aangeneem. Ek het ware vreugde gevind toe ek bevry is van die las van my sondeskuld wat ek vir soveel jare gedra het. Ek het besef dat ek nie meer moet probeer om uit my eie krag goed te wees nie. Ek het vrede gevind toe ek besef dat die Here in beheer is en Hy my sal help om enige versoeking te weerstaan.

"Sedertdien is dit 'n reis van hoogtes en laagtes, maar God bly getrou." ***'God wat die goeie werk in julle begin het, sal dit end-uit voer en voleindig die dag wanneer Christus Jesus kom'*** (Fil. 1:6).

## *GEROEP NA JAPAN*

*(Callum Kyllonen)*

"Terwyl ek op kollege was, het ek 'n sertifikaat in Animasie (filmwerk) ontvang en het daarna vir 3 jaar in hierdie veld gewerk," het Callum gedeel. "Ek het daarna vir 5 jaar videoprogramme gemaak en bemarking gedoen. Gedurende hierdie tyd het ek betrokke geraak by 'n ander jeuggroep en as vrywilliger vir die mediadepartement van my kerk gewerk.

"Terwyl ek op die sendingkomitee gedien het, is ek bekendgestel aan sendingstasies. My eerste ondervinding was om in 2019 huise te bou saam met ons studente in Mexiko, terwyl ek ook ons tyd daar gedokumenteer het.

"Daar het 'n hele aantal sendelinge van verskeie lande ons kerk kom besoek, dus het ons hulle verfilm en onderhoude met hulle gevoer om hulle behoeftes aan ons kerk voor te lê, sowel as om video's te voorsien wat hulle met hulle ander ondersteuners kan deel.

"Dit was in hierdie tyd wat Aaron Wilson, 'n voormalige sendeling van Japansending, gedeel het dat Japansending iemand wat sy vaardighede het, kan gebruik. Ek het toe na Japan gegaan om te werk as vrywilliger. Na ek hierdie sendingstasie gesien het en te doen gekry het met die mense en die kultuur, het ek gedrewe gevoel om te dien in Japan.

"Na ek teruggekeer het na Kanada, het ek begin om aanlyn tale te wissel om sodoende Japannees te oefen én die Japannese te help om Engels te leer. Ek het geen idee hoe die Here my sou lei om in Japan te gaan werk nie, want kort daarna het Japansending my ingelig dat hulle 'n onderwyser benodig vir die Engelse evangeliese program. Hulle soek ook iemand om te help met die mediabediening. Ek was opgewonde oor hierdie geleentheid om weer saam met die span te werk en kontak te hê met die Japannese studente terwyl ons die evangelie deel! Dit het my genoop om my TEFL-sertifikasie te kry.

"**Bid** asseblief dat ek tot seën sal wees vir my studente."

## *ENGELS EN MEDIABEDIENING*

Nadat Callum Kyllonen eers vrywillig vir Japansending gewerk het, het hy in Januarie 2024 as 'n voltydse werker by Japansending aangesluit. As 'n Engelse evangeliese onderwyser het hy elke week na verskeie kerke gegaan om Engels te onderrig. Elke klas het geëindig met 'n kort Bybelse praatjie. Callum het ook 'n sleutelrol gespeel in die vervaardiging van hoëkwaliteitmedia, wat mense na die kerke gelok het en wat ook hulle werk gepromoveer het.

Die meeste kerke sukkel om voortdurend goeie aanloklike webtuistes te ontwikkel. Hulle het ook nie 'n video wat die nuwe studente verwelkom nie omdat hulle nie die hulpmiddele en kennis het om dit te ontwikkel nie. Japansending is verbind daartoe om saam met die plaaslike kerke te werk om mediahulpmiddels te skep wat hulle sal help om die Boodskap van Hoop aan die plaaslike gemeenskappe oor te dra.

**Bid** asseblief dat baie lewens geraak sal word deur Callum se pogings om die Japannese mense te bereik.

## *JAPANSENDING*

### *GEROEP OM TE DIEN*

Japansending streef daarna om die ongelowiges te evangeliseer en die kerke in Japan wat in die Bybel glo behulpsaam te wees. Die meeste kerke is klein en benodig hulp met literatuur, evangeliese programme, media-ontwikkeling en hulp van goed gekwalifiseerde werkers.

Die bediening is interkerklik. Hulle plant nie kerke nie, maar probeer eerder diegene met wie hulle 'n verbintenis het op verskillende wyses van bediening aan die reeds bestaande kerke te verbind.

Japansending het ongeveer 40 persone in sy familie van werkers, 20 wat bedien in Japan, en ongeveer 20 verteenwoordigers in verskeie lande wat 'n belangrike rol speel deur Japansending te help om in kontak te bly met gebedsvennote en ondersteuners in Australië, Kanada, Suid-Afrika, die VK en die VSA.

Gelowige medewerkers speel 'n lewensbelangrike rol deur onderrig, prediking, evangelisasie, berading, Bybelstudie, korrespondensie en die publikasie van literatuur. Japansending werk ook in vennootskap met sleutelbondgenote wat met die evangelie in Oos-Asië 'n impak maak op die lewens van baie mense.